SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BEELD
Date: 06-Jun-2001
Topic: 08
Ref No: 9039
1
ID: 02720969-01 Source Page: 11

# Bemagtiging sal groei bevorder, sê Ramaphosa

## Suid-Afrika het meer as net die markte nodig

Jan de Lange

Die land se ekonomiese groei is onvoldoende ondanks gesonde ekonomiese beginsels – 'n probleem waarvoor die Swart Ekonomiese Bemagtigingskommissie 'n praktiese en werkbare oplossing bied, sê mnr. Cyril Ramaphosa, voorsitter van die kommissie.

"Om 'n oplossing te vind, moet ons gaan kyk na die wortels waarin die ekonomie gesetel is. Dit is gestruktureer om die meerderheid van die land se mense uit te sluit van welvaart en welvaartskepping," het hy gesê in 'n toespraak voor die Britse Suid-Afrikaanse Sakekamer.

Hy het daarop gewys dat ongelykheid in Suid-Afrika die derde hoogste ter wêreld is en dat dit vinnig toeneem.

Markmeganismes stel dit nie reg nie omdat markte diegene bevoordeel wat reeds het en die meerderheid steeds van ekonomiese bedrywighede uitgesluit bly.

"Markte loop hul eie koers. Ons gaan 'n klein bietjie meer as markte nodig hê," het hy gesê.

Daarom is 'n nasionale swart ekonomiese bemagtigingstrategie nodig.

Daar moet 'n strategie op makro-ekonomiese vlak sowel as mikro- en maatskappyvlak gevolg word.

"Dit is 'n fundamentele voorvereiste as ons in 'n deurlopende groeibaan wil kom," het Ramaphosa gesê.

In die ou Wes-Duitsland word 'n "solidariteitsbelasting" betaal om vir die heropbou van die ou Oos-Duitsland te betaal. Daar is reeds 268 miljard Duitse mark (sowat R920 miljard) daarmee geïn.

Dit het onder meer tot gevolg gehad dat Berlyn vandag die snelgroeiendste stad in Europa is, waarskynlik die snelgroeiendste ter wêreld.

"Die ou Wes-Duiters is bereid om hierdie belasting te betaal omdat hulle dit eenvoudig nie kan verdra om ellende in 'n deel van Duitsland te sien heers nie. Dis hoe geskok hulle was ná die val van die Berlynse muur.

"Maar daar is 'n tweede rede: hulle doen dit want hulle skep daarmee vir hulself 'n mark. Dit is byvoorbeeld vandag feitlik onmoontlik om 'n gebruikte motor in die ou Wes-Duitsland te koop – alle gebruikte motors word in Oos-Duitsland van die hand gesit," het Ramaphosa gesê.

Daar is uiteraard groot verskille tussen Duitsland en Suid-Afrika, maar daar is tog 'n mate van waarheid in die Duitse voorbeeld wat ook in Suid-Afrika geld. "As ons net 'n rukkie langer volgehou het met die verkiesingsbelasting wat in 1995 gehef is om vir die verkiesing in 1994 te betaal, sou ons al 'n hele ent gevorder het om van die mees onderontwikkelde gedeeltes van die land te ontwikkel," het hy gesê.

Die kommissie het volgens hom lank en diep nagedink oor voorgeskrewe bates vir die aftreebedryf, wat bates ter waarde van miljarde beheer. Maatskappye sal egter daarteen weerstand bied indien dit voorgeskryf word. Hy meen 'n algemene oproep op die bedryf om in produktiewe bates te belê, sal genoeg wees.

Die staatsdienspensioenfonds behoort egter 10% van sy bronne, wat sowat R13 miljard sal beloop, in voorgeskrewe bates te belê. "Dit alleen sal al 'n groot uitwerking hê. En wanneer buitelandse beleggers sien dat Suid-Afrikaners in hul eie land belê, sal hulle weet ons is ernstig daaroor om te groei. Beleggers stroom as 'n eerste keuse na groeipunte," het hy gesê.

Hy het daarop gewys dat Sasria, die spesiale risiko-versekeringsfonds waarvan hy die voorsitter is en in 'n stadium bates ter waarde van R11 miljard gehad het, 18% van sy bronne in Heropbou- en Ontwikkelingsprojekte belê het, soos paaie, damme en dergelike infrastruktuurontwikkeling. Ondanks dié beleggings het Sasria nie veel van sy wins ingeboet nie. "Dis 'n voorbeeld wat nagevolg kan word," het hy gesê.

Hy het daarop gewys dat daar net nog 1% van die land se grond herverdeel is. "Dis 'n resep vir 'n ramp," het hy gesê.

Die kommissie het verskeie teikens vir swart bemagtiging voorgestel. "Die teikens wat in die verslag voorgestel word, is heel moontlik uit die duim gesuig, maar dit is minstens doelwitte wat nagejaag kan word. Dit gaan ons in staat stel om ná 'n bepaalde tydsverloop te sê goed, ons wou dit bereik en ons het nie. Waarom nie?" het hy gesê.

Só moet daar binne tien jaar 25% van die aandele wat op die JSE Sekureitebeurs genoteer is, in die hande van swart mense wees. "'n Paar jaar gelede was 10% van die aandele in swart hande en vandag is dit weer heelwat minder. As ons 'n teiken stel, sal daar minstens iets wees waaraan ons onsself kan meet," het hy gesê.